



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRHL.1

AFRIKAANS HUISTAAL V1

NOVEMBER 2014

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

OGGENDSESSIE



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
AFDELING A: Leesbegrip (30)
AFDELING B: Opsomming (10)
AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep ná elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Voorgestelde tydsindeling:
AFDELING A: 50 minute
AFDELING B: 30 minute
AFDELING C: 40 minute

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS 1: ARTIKEL

Oppas, die taal muf!

Waarom hoor ons deesdae al hoe minder idiomatiese taalgebruik/gesegdes in ons omgangstaal?
Maretha Botes lê die vinger op die wond.

- 1 Noem Afrikaanse gesegdes die taalspeserye, want daarsonder sou Afrikaans (of enige ander taal) maar saai geklink het. Kenners is van mening dat die meeste jonges van vandag so min van Afrikaanse gesegdes as 'n kat van saffraan weet.
- 2 Die jonges hamer op dieselfde aambeeld en hulle taalgebruik is bra vervelig en met vaal clichés besaai. As idiome gebruik word, is dit dikwels uit konteks of heeltemal verkeerd aangehaal. Dit is glad nie 'n verrassing as 'n kind in 'n toets oor Afrikaanse idiome skryf "hoe meer haas hoe minder wortel" nie.
- 3 "Idiome is 'n belangrike deel van ons oggend- en aandpraatjies," meen prof. Rufus Gouws, van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch. "'n Kenmerk van 'n bedrewe moedertaal-spreker is die korrekte en veral gepaste gebruik van idiome."
- 4 Prof. Ernst Kotzé, voorheen verbonde aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, sê die idiomeskate by jong Afrikaanssprekendes is inderdaad aan die verskraal. Volgens hom maak jong sprekers al hoe meer staat op hul onderbewuste kennis van Engelse segswyses, wat dan woordeliks vertaal word. Dit neem in baie gevalle die plek van die ou, voorheen bekende, Afrikaanse idiome in.
- 5 'n Rede vir die agteruitgang van idioomgebruik is waarskynlik die verskraalde leeskuil onder jongmense. "Die nie-metaforiese taal van sms'e en e-posse kan ook 'n rol speel," meen prof. Gouws. "Idiome is juis deel van kreatiewe taalgebruik, wat veral in boeke en tydskrifte neerslag vind," stem prof. Kotzé saam.
- 6 "'n Mens moet onthou dat idiome 'n betekeniswaarde van hul eie ontwikkel, en nie noodwendig die oorspronklike betekenis weerspieël wat tot hul ontstaan aanleiding gegee het nie," sê prof. Kotzé. Die oorspronklike betekenisverband vervaag by elke nuwe geslag sprekers en die verband tussen die letterlike en figuurlike betekenis verskraal totdat die oorspronklike betekenis uiteindelik irrelevant word." Hy meen dis eerder die taalervaring van die gemeenskap wat 'n rol by die gebruik, of nie, van idiome speel.



- 7 Die taalervaring van jong, stedelike sprekers van Afrikaans is al hoe meer aan die verander na 'n meertalige konteks, waar Engels 'n steeds groterwordende rol speel, meen prof. Kotze. "Op die platteland en in (Afrikaanse) taalgemeenskappe wat minder aan eksterne invloede blootgestel is, kan 'n mens verwag dat (a) die ryk, oorgeërfde woordeskat langer in gebruik sal bly en (b) nuutskeppings in Afrikaans self sal ontwikkel. Daarenteen sal die kreatiwiteit van jong sprekers, wat in stedelike gebiede woon, vermoedelik ook uit hul passiewe kennis van Engels idiomatiese uitdrukkings put en dit in Afrikaans weergee. (En dit is wat meer taalsensitiewe gebruikers so kan irriteer!)"
- 8 "Hiermee wil ek nie sê ek dink jong sprekers is minder kreatief as die ouer garde nie. Hul taalgebruiksomgewing speel egter 'n belangrike rol by die gebruik van ouer vorme en die skep van nuwes. Dit kan byvoorbeeld beteken dat ouer vorme by nuwe kontekste aangepas word. 'n Jong TV-nuusleser kan die uitdrukking "n stok (of speek) in die wiel steek", aanpas en kommentaar lewer op 'n deelnemer aan die Tour de France wat "n stokkie in die speke van die voorloper gestek het" en die skof gewen het."
- 9 Hy meen Afrikaans kan verryk word deur onderwysers wat taalsensitief is en die idioomskaat van die taal kreatief aanpas en uitbou. Die opstellers van taalhandboeke op skool moet fyn na nuutskeppings kyk asook na die kurrikulum wat op skool onderrig word. "Daardeur sal leerders op skool hulle nie net met die sêkrag van Afrikaans kan identifiseer nie, maar ook geprikkel word om self kreatief met die woordeskat om te gaan."
- 10 Deur verskillende hulpmiddels (soos die korpus* van moderne Afrikaans) kan ons ook vasstel in watter mate "ouer" vorme steeds gebruik word en mettertyd ook of nuwe vorme in die skeppende en algemene woordeskat van die taal inslag gevind het.
- 11 Johanna van Eeden, redakteur van *Volksblad*, meen die advertensiebedryf speel 'n groot rol in die skep van nuwe idiome en uitdrukkings, veral as iemand met iets vorendag kan kom wat vanself in die volksmond gaan lê. "Soms kom 'n mens af op 'n nuwe sêding wat totaal vreemd is, maar bloot by die sê daarvan verstaan jy die betekenis. 'Jy vat my handvatsels glad' is 'n voorbeeld daarvan. Jy kan mos nou hoor jy moenie verder met hierdie mens mors nie – klaar goed opgevryf vir die dag!" sê sy.
- 12 Lindie Oppermann, ontwikkelaar van *Idio*, die idiome-bordspeletjie, meen idiome en die gebruik daarvan is beslis nie aan die kwyn nie. *Idio* is geskep met die doel dat mense dit sal speel, sal geniet en bowenal met nuwe idiome in hul woordeskat sal wegstap om hul taal ryker en voller te maak. "Nuwe idiome word dikwels geskep, veral binne sekere ouderdomsgroepe of sekere geografiese gebiede. Of hulle die woordeboek bereik, is 'n ander kwessie ..." sê sy.

*korpus: 1. Versameling dinge van dieselfde soort. 2. Geheel van versamelde materiaal by wetenskaplike ondersoek. 3. Elektroniese versameling taalmateriaal. [Uit: HAT, 2011]

[Aangepas uit *Vrouekeur*, 20 September 2013]



- 1.1 Herlees die titel, subopskrif en paragraaf 1.
- 1.1.1 Wat beteken dit as *die taal muf*? (1)
- 1.1.2 Haal EEN woord uit die subopskrif aan wat by die titel aansluit. (1)
- 1.1.3 Waarna verwys *taalspeserye* in hierdie artikel? (1)
- 1.2 Sê wat die onderstreepte idioom in paragraaf 1 beteken en haal TWEE stellings uit paragraaf 2 aan wat die skrywer gebruik om dié betekenis mee uit te brei. (3)
- 1.3 Herlees paragraaf 3–5.
- 1.3.1 Hoekom is die stellings wat in dié paragrawe voorkom, geloofwaardig? (1)
- 1.3.2 Wat is die oorsaak van 'n *verskraalde* idioomeskat? (1)
- 1.3.3 Watter TWEE oplossings word deur prof. Gouws se woorde gesuggereer? (2)
- 1.4 Gee die verskille tussen die plattelandse en stedelike taalgemeenskappe ten opsigte van hul taalervarings. (4)
- 1.5 In paragraaf 8 huldig prof. Kotzé 'n bepaalde siening oor jong taalgebruikers. Is hy bevooroordeel? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.6 Aan watter TWEE voorwaardes moet skole voldoen sodat leerders kreatief met woordeskat kan omgaan? (2)
- 1.7 Waarna verwys die *korpus* in die parentese (paragraaf 10)? (1)
- 1.8 Hoe verskil Lindie Oppermann se mening oor idioome van die skryfster van hierdie artikel s'n? (2)
- 1.9 Lindie Oppermann is van mening dat die speel van Idio die gebruik van idioome sal aanmoedig. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.10 Dink jy die titel pas by die inhoud van die artikel? Motiveer jou antwoord deur na die inhoud van die artikel te verwys. (3)

EN

TEKS 2: ADVERTENSIE

1

2

3

4 Kom kuier saam in die taal wat weet hoe om te baljaar.
5 Sien jou by die Standard Bank verhoog. Innibos saam met
6 Standard Bank vanaf 29 Junie tot 2 Julie.
7 Gaan na www.innibos.co.za vir meer inligting.
8 **Voluit vorentoe™**

Standard Bank

[Aangepas uit: *mytyd*, 26 Junie 2011]

1.11 *Kom ons kuier 'n hond uit 'n bos uit.*

1.11.1 Waar sal iemand, volgens die advertensie, 'n hond uit 'n bos uit kuier? (1)

1.11.2 Hoekom dink jy is hierdie spesifieke idioom by dié advertensie gebruik? (1)

1.11.3 Hoe dra die plasing van dié woorde tot die sukses van die advertensie by? (1)

1.12 Johanna van Eeden se uitsprake (TEKS 1) bevestig wat in die advertensie hier na vore kom. Motiveer. (1)

1.13 Wie is die teikengroep van die advertensie? Motiveer jou antwoord. (2)

TOTAAL AFDELING A: 30



AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2**

1. Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke vir verliefdes wat 'n suksesvolle verhouding wil verseker**.
2. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

SUKSESVOLLE SKOOLKYSE VRA AANDAG

Verlief, of stel jy belang in 'n suksesvolle verhouding? Hier is raad!

Wanneer julle mekaar vir 'n beperkte tydjie ken, hou julle bloot van mekaar en kan julle nie vir mekaar lief wees nie omdat die ou gesegde steeds waar bly: trou is nie perdekoopte nie! Buitendien: daar is 'n wêreld se verskil tussen rooi hakskeentjies en die ware Jakob!

Waarom behoort 'n verliefde dan aandag te gee?

Skoonheid is redelik belangrik, desnieteenstaande vergaan dit – voorkoms kan misleidend wees! Selfs rykdom hou ernstige komplikasies in, want dit word bedreig deur mot en roes. Kyk eerder na iemand wat die allerbeste eienskappe in jou uitbring en dit waardeer, want navorsing oor verhoudings op hoërskoolvlak het bewys dat dit 'n positiewe ervaring kan wees.

Kommunikasie is die sleutel tot sukses, met die teenoorgestelde geslag én ook met haar/sy ouers, aangesien mense mekaar so leer ken. Moet nooit die krag van 'n vinnige gesprekkie of 'n eenvoudige briefie geringskat nie.

Om mekaar se ouers te ontmoet, met hulle gemaklike, spontane gesprekke te voer en saam te kuier – al is die pa hoe vreesaanjaend en al vra die ma hoeveel vrae oor jou toekomsplanne – is noodsaaklik, en op die koop toe, 'n intelligente strategie!

Dit sal ook slim wees om met jou meisie/ou se vriende bevriend te wees, want sodanige vriendskap beteken ondersteuning, saam lag en saam dinge doen. Om in groepe te kuier is verantwoordelike tydsbesteding vir verliefdes.

Sorg dat 70% van julle gesprekke plaasvind waar julle mekaar in die oë kan kyk – beloftes is minder leeg as jy dit maak wanneer jy langs die geliefde staan as wanneer jy haastige boodskappies halfpad-deur-die-slaap aan die ander een stuur.

Geen verhouding moet jou lewe oorneem nie; moenie prioriteite (skoolwerk, sport-en/of kultuuraktiwiteite) afskeep om meer tyd saam met hom/haar deur te bring nie.

Die oumense het gewaarsku: Vroeg ryp, vroeg vrot! Moet dus nooit die pap met 'n warm vryery te dik aanmaak nie! Daar is, immers, 'n rede waarom geleerdes vriendskap as die basis van blywende, geslaagde verhoudings en huwelike aandui! Dit kweek waardering, vertrouwe en begrip wat bydra tot (uiteindelike) liefde.

[Aangepas uit *Jip*, 5 Augustus 2013]



AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

1 **PROBEEER MY**

2 **EKS**

3 **HEERLIK**

4 **HOOG IN**

5 **PROTEÏENE en**

6 **KOOLHIDRATE**

7 *vir 'n wonderlike*

8 *bron van*

9 **ENERGIE**

10 **ILLOVO GRONDBOONTJIEBOTTER & STROOPSMEER**

11 is 'n smullekker kombinasie van energie en proteïene.

12 Hierdie smeer is doodmaklik om op toebroodjies, snoepgoed en

13 selfs koekies te gebruik. Kinders sal dit vir

14 ontbyt, middagete, nagereg en ander tye ook wil hê!

15 Soos u kan sien – grondboontjebotter is heerlik.




[Aangepas uit *Goeie Huishouding*, September 2013]

- 3.1 Herskryf die sin in reël 1–3 deur 'n dubbelpunt en ellips in te vul. (2)
- 3.2 Lees reël 1–3.
- 3.2.1 Vervang die emotiewe woord met 'n neutrale woord wat die oortuigingskrag van die advertensie verminder. (1)
- 3.2.2 Hoekom is die emotiewe woord in die advertensie 'n beter keuse vir dié advertensie? (1)
- 3.3 Watter klankverskynsel kan by die uitspraak van die woord *wonderlike* (reël 7) voorkom? (1)
- 3.4 Kyk na die onderstreepte woord in reël 10.
Gebruik die bepaler van dié woord as 'n kern in 'n ander samestelling. (1)
- 3.5 Skryf die afkorting van *Beperk* (logo) neer. (1)
- 3.6 Skryf die infinitief in reël 12–14 neer. (1)
- 3.7 Watter afleiding oor die gewildheid van die produk kan uit reël 14 gemaak word? (1)
- 3.8 Skryf die woorde uit die teks wat op samevatting dui, neer. (1)

[10]**EN****VRAAG 4: VISUELE TEKS**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Raampie 1**Raampie 2****Raampie 3**


Raampie 4



Raampie 5



Raampie 6



Raampie 7



Raampie 8



Raampie 9



Raampie 10



* google die titel ... dié boek is werklik te koop.

Raampie 11



Raampie 12



Raampie 13



Raampie 14



Raampie 15



[Aangepas uit *Beeld*, 29 Julie 2013 tot 2 Augustus 2013]

- 4.1 Verbeter die woordorde van die sin in raampie 1. (1)
- 4.2 Haal 'n woord uit raampie 1–5 aan wat dieselfde beteken as *afdeling* (raampie 6). (1)



- 4.3 Voeg die voegwoord *voordat* op die korrekte plek in die sin in raampie 2 in en skryf die hele sin oor. (1)
- 4.4 Wat impliseer Jeremy met sy woorde in raampie 3? (1)
- 4.5 Die woord *vervelig* (raampie 7) word dikwels met *verveeld* verwar. Maak TWEE verduidelikende sinne om die betekenisverskil aan te dui. (2)
- 4.6 Wat word met Jeremy se lyftaal in raampie 9 geïmpliseer? (1)
- 4.7 'n Woord is in raampie 10 onderstreep. Benoem die woordsoort. (1)
- 4.8 Skryf Jeremy se ma se woorde in raampie 13 oor in die indirekte rede. Begin jou antwoord met *Sy ma sê ...* (1)
- 4.9 Watter afleiding kan ons uit Jeremy se woorde in raampie 15 maak? (1)

[10]**EN****VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

E vir eietydse eiegoed

'n Paar nuwe gunstelinggeregte het in die onlangse verlede die toets van proe en tyd deurstaan en die Suid-Afrikaanse kosskat 5.1 (verreik/verryk).

- 1 Eietydse eiegoed sou 'n mens hierdie eetgoed kon noem. Dit kan as nuwe Suid-Afrikaanse geregte beskou word: *Ouma Beskuit*, *Mrs. Ball's-blattjang*, *Peppermint Crisp*-tert ...
- 2 Sedert Jan van Riebeeck se vestiging van 'n verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop het die verskillende volkere se mense wat hier kom woon het, hul lekkernye na die Suid-Afrikaanse tafel toe gebring. Hieronder tel tradisionele geregte wat mettertyd hul ereplek in ons 5.3 (resepskat) ingeneem het.
- 3 'n Paar voorbeelde hiervan is bobotie wat waarskynlik oor honderde jare ontwikkel het uit 'n stokou Romeinse gereg, en bredies met name soos *hutspot*. In Suid-Afrika is bobotie 'n tradisionele Maleisiese gereg. Ons souskluitjies het waarskynlik na aanleiding van Duitse kluitjies ontstaan, koeksisters het 'n lang pad gekom van die vyftiende-eeuse Italiaanse *crePELLI* (deeg wat in diepvat gebak is) en toe in Holland *krullers* was voordat dit hier koeksisters geword het!
- 4 Trou aan die aard van 'n lewendige kultuur, het 'n paar lekkernye die afgelope paar 5.5 (tydperke van tien jaar) die lig gesien, en sonder slag of stoot Suid-Afrika se kosgunsteling geword.



- | | |
|---|---|
| 5 | Laat die fokus eers val op <i>Peppermint Crisp</i> -tert: dit staan soos 'n paal 5.6 ... water dat dit die verleidelikste sonde op aarde – wat kos aanbetref – is! |
| 6 | Turkse lekkers is legendaries; Switserse sjokolade laat die meeste mense swymel, maar <i>Peppermint Crisp</i> -tert sal hierdie wêreld bekende lekkernye nog op hulle neuse laat kyk! |
| 7 | Moenie die nederige <i>Peppermint Crisp</i> -tert nie op sy baadjie takseer nie, want dié gesogte lekkerny gaan Suid-Afrika nog sonder 'n eiovormige rugbybal of ronde sokkerbal roem laat verwerf! Nederige sjokolade, tennisbeskuitjies, room en kondensmelk haak vir ons die knoop deur! |

[Aangepas uit *taalgenoot*, Julie/Augustus 2009]

- 5.1 Voltooi die subopskrif deur die korrekte woord neer te skryf. (1)
- 5.2 Hoe sluit die herkoms van die onderstreepte woorde in paragraaf 1 en paragraaf 3 by mekaar aan? (1)
- 5.3 Lei die korrekte vorm van die onderstreepte woorde in paragraaf 2 af. (1)
- 5.4 Skryf die besitlike voornaamwoord wat in paragraaf 3 gebruik word, neer. (1)
- 5.5 Vervang die onderstreepte woorde in paragraaf 4 met EEN woord wat in die sin pas. (1)
- 5.6 Skryf die ontbrekende voorsetsel in paragraaf 5 neer. (1)
- 5.7 Watter taalverskynsel kom in paragraaf 5 voor? (1)
- 5.8 Herlees paragraaf 6 en skryf die woord wat verkeerd gespel is, neer. (1)
- 5.9 Wat is die basis van die woord *gesogte* in paragraaf 7? (1)
- 5.10 Skryf die laaste sin van die teks in die lydende vorm oor. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70

